
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

.....MAAR U HET VIR MY 'N LIGGAAM BEREI (HEB. 10:5)

Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom— in die boekrol is dit van My geskrywe — om u wil te doen, O God. (Heb 10:5-7)

Jesus was gebore, het gelewe en gesterf in die skadu van die kruis. Hy was altyd daar van bewus, maar nie eenmaal het Hy dit probeer ontduik nie. ELKE DAG het Hy Sy kruis opgeneem. Daar was nie een dag wat Hy gesê het: "Hierdie is nou vir 'n verandering My dag. Ek sal môre weer besig wees met die dinge van My Vader." Daar was nooit enige ondervindings in Sy lewe waarvan Hy kon sê: "Dit is nou myne om te geniet. Die skare moet maar net wag tot dit verby is. Dan sal ek weer tussen hulle beweeg en na hulle behoeftes omsien." Selfs in Sy hartseer oomblikke, kon Hy nie sê: "My eie hartseer is so groot. Dit is darem niks minder as reg dat ek NOU moet getroos word. Laat hulle vir my vertroetel en bedien."

Dit was die nag waarin Hy verraai is, toe Hy besef het dat die tyd aangebreek het, en dat die valse dissipel vir Hom sou verraai saam onder diegene is vir wie Hy bedien het, dat Hy opgestaan het en Sy dissipels se voete gewas het, en gedemonstreer het wat Hy voorheen vir hulle gesê het: **"Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy Lewe te gee as 'n losprys vir baie. (Markus 10:45)**

Moses kon met hierdie gees optree toe hy weggedraai het van die troon van Egipte om hom te vereenselwig met sy broer, 'n vloek van slawe, sodat hy deur lyding vervolging en opoffering vryheid vir hulle almal kon bring. **Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning. (Heb 11:24-26)**

Paulus het dieselfde vasberadenheid geopenbaar toe hy sy plek in die Sanhedrin verlaat het en by die veragte en vervolgde Christene aan te sluit, sodat hy nie ongehoorsaam sou wees aan die hemelse visie nie, en dat hy vrymaking aan die Heidene sou kon verkondig. Hy het in Jesus se Voetstappe gevolg. DIE KRUIS OPGENEEM, en verklaar: **En kyk, ek gaan nou gebind deur die gees na Jerusalem, en watter dinge my daar sal oorkom weet ek nie, BEHALWE DAT DIE HEILIGE GEES in elke stad KRAGTIG GETUIG en sê dat BOEIE EN VERDRUKKING op my wag. Maar EK BEKOMMER MY GLAD NIE en ek AG OOK MY LEWE VIR MYSELF NIE DIERBAAR NIE, sodat ek kragtig kan getuig vir die evangelie van die genade van God. (Hand 20:22-24)**

Maar om jou kruis op te neem is nie genoeg nie. Dit moet daagliks gedoen word. Dit is maklik om 'n besluit te neem vir Jesus of om 'n besluit te neem om jou lewe opnuut aan Hom te wy – om jou kruis op te neem – daar in 'n roerende diens, maar baie misluk juis daar waar hulle die volgende oggend, of die daaropvolgende geleentheid hulle kruis moet opneem. Christus het nooit vakansie geneem van Sy kruis af nie – Sy kruis het altyd saamgegaan. Hy het wel baie kere in afsondering gegaan om te rus, maar selfs toe het Hy gebuk gegaan onder die swaar las.

Toe Hy by die put in Samaria gaan sit het, was Hy moeg en honger en wou Hy 'n bietjie rus terwyl Sy dissipels in die stad in gaan om kos te koop. Maar selfs toe het Hy tyd en krag gehad om 'n siel tot redding te lei en 'n beweging te ontketen wat later 'n groot herlewing sou teweegbring wat die grootste deel van Samaria vir God se koninkryk sou inpalm (Handelinge 8). Toe Jesus te staan gekom het voor een van die innigste hartsere wat oor 'n mens se lewe kan kom, die skielike en gewelddadige dood van Sy neef en dierbare vriend, Johannes die Doper, het Hy gemeen om 'n bietjie alleen weg te glip. (Matt 14:13 en 14). Maar die skare het Sy weggaan bemerk en Hom toe selfs gevolg. Toe Hy hulle sien was Hy gevul met meegevoel, Sy eie hartseer

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Maar U het vir My 'n ….)
vergete, en Hy het Sy kruis opgeneem en voortgegaan om die siekes te genees en in hulle behoeftes te voorsien.

Die kruis was nie 'n ongeluk wat Hom aan die einde van Sy lewe oorval het nie.

Vir die wêreld lyk dit asof dit net daardie donker dag op Golgota was dat Hy Sy kruis gedra het terwyl hulle tussen die skare beweeg het: arm, verag, misverstaan maar, gewillig sodat Hy baie kinders saam met Hom n Sy Vader se glorie kon inneem, steeds het Hy die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was. (Handelinge 10:38)

Dit was nie vir Jesus nodig om die kruis te verdra nie. Selfs op die aand wat Hy gevange geneem is, het Hy gesê dat Hy toe nog tot die Vader kon bid en Hy sou meer as twaalf legioene engele stuur om Jesus van daardie dood te red (Matt 26:53 en 54). Hy 'n Lam sonder vlek of rimpel, het egter na die kruis gegaan want Hy het dit in Sy hart besluit om die Skrif te volbring, en die verlore en sondige mens te red van die dubbele vloeke van sone en siekte. Deur Sy Bloed het daar versoening gekom vir ons sonde en deur die wonde Sy is ons genees. . **Die oog gevestig op Jesus – wat VIR DIE VREUGDE WAT HOM VOORGEHOU IS, DIE KRUIS VERDRA HET, die skande verag het. (Heb. 12:2).**

Die wêreld mag miskien nie my en jou kruis verstaan nie. Maar elkeen van ons het ons kruis, deur die Here aangewys, wat ons kan dra of verwerp volgens ons keuse. HIERDIE KRUIS IS NIE SIEKTE NIE. DIT IS NIE DAARDIE ONAAGENAME OMSTANDIGHEDE VAN DIE LEWE WAT OOR ONS KOM OF ONS DIE HERE DIEN OF NIE. Dit is dit wat ons gewillig aanvaar, waarvoor ons iets persoonliks moet opoffer sodat ons aan die Here kan gehoorsaam wees en tot seën vir andere. Het jy jouself dalk in die stilligheid geluk gewens met die wyse waarop jy jou kruis dra, en in werklikheid is jy maar net besig om jouself te bejammer oor jou haglike lewensomstandighede? Het jy gewilliglik op jouself geneem die laste en verdriet van andere, sodat jy hulle kan uitlig en vir hulle tot seën wees, sodat jy redding en verlossing kan bring aan hulle wat dit so nodig het?

Jy mag miskien sê dat jy die Here se wonderwerkende krag begeer. IS JY GEWILLIG OM DIE PRYS TE BETAAL? Is jy gewillig om JOU kruis, DAAGLIKS op te neem en Jesus al die pad te volg?

As jy Hom ten volle wil volg, beteken dit dat jy Hom sal moet volg tot by die plek waar Hy gevul is met die Heilige Gees en dan voort na die woestyn – na die ure van vas en gebed, die ure van ongewaardeerde diens en opoffering, die nagte van eensame waak in die gebed. Dit sal beteken dat jy Hom in die tuin in moet volg – die las van 'n verloregaande wêreld moet dra, denkende dat iemand naby saam met jou die las dra, net om uit te vind dat almal reeds slaap. Dan voort na die veroordeling: valse aantygings en onregverdige besluite. Dan na die strafplek: sweepslae, asyn en gal. Jy sal dit nie kan ontwyk nie. Dis deel van die pyn en lyding van die kruis dra.

Jy mag miskien sê: "Dit klink byna asof ek my lewe heeltemal moet prysgee."

DIT IS BESLIS SO. Maar Jesus het Gesê: **"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, hy sal dit red. (Markus 8:35).**

HIERDIE IS DIE OORVLOEDIGE LEWE – die lewe van MAG! Die lewe van diepe tevredenheid. Die lewe van 'n sekere wete dat jy nie tevergeefs lewe nie! Dit is tog sekerlik elke opoffering werd as ons weet dat ons volg in Jesus se voetstappe en die beloftes van die ewige lewe by die Here sal deelagtig wees! □

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

THE PASSOVER FULFILLED IN THE CRUCIFIXION OF JESUS

Most of our readers are well aware by this time that "Easter" has its roots in paganism, and is Satan's counterfeit of the Biblical Crucifixion of Jesus. The Crucifixion of Jesus is the fulfilment of the Passover as described in Exodus chapter 12, where the Lord delivered His people out of the hands of Pharaoh – their oppressor, and set them free from their bondage to Egypt. When Jesus paid the price at Calvary, as a living human sacrifice, His shed blood paid the price for us to be delivered out of the hands of Satan – our oppressor, and set us free from our bondage to the sin of this world. Easter bunnies and Easter eggs have no scriptural significance at all, and are symbols of the Pagan goddess Astarte – queen of heaven and goddess of fertility. You will note that usually even the annual dates given on the Gregorian calendar for Easter and Passover differ, and the correct date on which we should bring to remembrance the Crucifixion of Jesus each year, must coincide with Passover.

When Jesus spoke to His disciples the night before He was to be crucified, He explained to them the reason why they should "partake of the Bread" (representing His Body symbolically) and "drink the Cup" (representing His Blood symbolically). We read His words in **1 Cor. 11:23-26: For I have received of the Lord that which also I delivered unto you, That the Lord Jesus the same night in which He was betrayed took bread: 1Cor. 11:24 And when He had given thanks, He broke it, and said, Take, eat: this is My body, which is broken for you: this do in remembrance of Me. 1Cor. 11:25 After the same manner also He took the cup, when He had supped, saying, This cup is the new testament in My blood: this do ye, as oft as ye drink it, in remembrance of Me. 1 Cor. 11:26 For as often as ye eat this bread, and drink this cup, ye do show the Lord's death till He come.**

Matt. 26:26: And as they were eating, Jesus took bread, and blessed it, and broke it, and gave it to the disciples, and said, Take, eat; this is My body. In other words, we take communion in order to BRING INTO REMEBRANCE the price Jesus paid for us at Calvary. And note, His words when He said "AS OFT AS YE DRINK IT", implying that we should partake of communion often, because in so doing, we are bringing into remembrance His sacrificial death OFTEN. Hallelujah!!

How did the early Church take communion? It is apparent from Scripture that it was taken either at meetings where the believers met or in houses – but always at a mealtime.

When Jesus ordained the Lord's Table it was as He and His disciples were partaking of the Passover meal in the room of a house. It is important to note that the Lord's Table was not instituted in a Synagogue or religious building. The Passover meal and the Lord's Table were both instituted in homes. We read that the disciples of Jesus took communion (broke bread) DAILY after the resurrection of Jesus in obedience to the instructions He gave them. **Acts 2:46: And they, continuing daily with one accord in the temple, and breaking bread from house to house, did eat their meat with gladness and singleness of heart,**

What is Passover? The First Passover occurred with the deliverance of the Lord's chosen people, the Hebrews, out of Egypt and slavery. **Luke 22:7: Then came the day of unleavened bread, when the Passover must be killed.**

Remember it is a type and shadow, in the Old Testament, of the Lord's Supper. Let us read Ex. 12:3.

Speak ye unto all the congregation of Israel, saying, In the tenth day of this month they shall take them every man a lamb, according to the house of their fathers, a lamb for a house.

This lamb was slaughtered, prepared and then eaten. It had to be perfect without any blemish. In the New Testament Jesus Christ, spotless and sinless, became the Passover Lamb and we still eat of His flesh [symbolically] every time we partake of the Lord's Supper.

Ex. 12:7: And they shall take the blood, and strike it on the two side posts and on the upper door post of the houses, wherein they shall eat it.

The Blood of Jesus redeems us from eternal death.

V 8: And they shall eat the flesh in that night, roasted with fire, and unleavened bread: and with the bitter herbs they shall eat it.

V 13: And the blood shall be to you for a token upon the house where ye are: and when I see the blood, I will pass over you, and the plague shall not be upon you, to destroy you, when I smite the land of Egypt.

V14: And this day shall be unto you for a memorial: and ye shall keep it and feast unto the Lord throughout your generations, ye shall keep it and feast by an ordinance forever.

The Passover was ordained by the Lord and the Israelites partook of it for the very first time on the night before their exodus from Egypt, the land of slavery. They were instructed to continue to celebrate it yearly, and that is exactly what the orthodox Jews still do. Every year they bring into remembrance their wonderful deliverance that the Lord performed. They celebrate their freedom from captivity and slavery.

In spite of the fact that unsaved Jews only

(Vervolg op Bl. 4)

(continued from page 3 - The Passover fulfilled.....)
acknowledge the Old Testament, the Lord has given them beautiful promises of blessing and prosperity. **IF YOU HARKEN TO MY WORD AND KEEP MY COMMANDMENTS…**[Deut.28:1-12] He says the same to us today!

To keep His commandments is in fact to do that which He commands in His Word. The Israelites carried out the Lord's instructions to the finest detail and three wonderful things resulted.

Firstly; the night on which they partook of the first Passover, not one Israelite died, yet thousands of firstborn children of each family in Egypt died (including Pharaoh's heir to the throne). The angel of death passed over those doorposts on which the blood of the lamb had been applied.

Secondly: When the Israelites left, they were not poor slaves, but actually recompensed people.

Exodus 12:35-36: **And the children of Israel did according to the word of Moses, and they borrowed of the Egyptians jewels of silver and gold, and raiment:**

And the Lord gave the people favour in the sight of the Egyptians so that they lent unto them such things as they required. And they spoiled the Egyptians.

Thirdly: There was not one sick among these approx. 3 million Jews that came out of Egypt! The Scripture declares this: **He brought them forth also with silver and gold and there was not one feeble among their tribes. Ps. 105:37.**

Can you imagine what would happen if the inhabitants of SA were given notice to move beyond the Limpopo? Would there be enough wheelchairs, stretchers and ambulances to transport all the sick and disabled? We would have to use buses and trains to accommodate them all! However, here we see that approx. three million excited people began their exodus with camels, horses and donkeys and THERE WAS NOT ONE FEEBLE ONE AMONG THEM! To what can we attribute this remarkable feat? Note that on the previous night they had slaughtered the Passover lamb and all the family members ate of it, as the Lord had instructed, and they received strength and health to their bodies. Our Passover Lamb – Jesus Christ was slain and sacrificed, and as we remember it often and partake of His flesh (the bread symbolically) discerning the Lord's Body, and in a worthy manner, healing, health and strength are all part of our inheritance too.

If, under the Old Covenant, there were such wonderful promises for complete healing and health for the Lord's people, how much more should we, under the New Covenant, enjoy the same privileges. The Word tells us in **Heb.8:6: But now that He obtained a more excellent ministry, by how much also He is the mediator of a better covenant, which was established upon better promises.** THANK YOU JESUS!

Sickness was part of the curse of the law in the Old Testament, but in the New Covenant, Jesus took this curse upon Himself (Gal. 3:13). Jesus has given us a New Testament, a better covenant, based on better promises and He sealed it with His own shed Blood, so that you and I can have health, peace, forgiveness, and redemption. Note once again in **Ex. 12:3**: **Speak ye unto all the congregation of Israel, saying in the tenth day of this month they shall take to them every man a lamb, according to the house of their fathers, a lamb for a house.**

That night as the Passover was instituted; the father of each family (household) was given permission to perform spiritual duties normally only carried out by the priests. The father became the high priest of the house for that occasion. This has taken place annually since then in remembrance of that first Passover. Each year during the Passover the father relates to the children what happened when they were freed from Egyptian slavery and how the Lord performed the miracles to make it possible. They celebrate the event once a year and all partake as a family, children included.

The Passover was intended to point to the coming of the Lord Jesus who would be THE Passover Lamb, slain for the sins of the world. In partaking of the Lord's Supper, we therefore see that Jesus Christ, the spotless Passover Lamb, was slain once and for all, to liberate us from being slaves of Satan and eternal death. Every day is the day of Salvation, our Passover, **everyday** is a day to celebrate this great event, the greatest event of all time! The climax of both the Old and New Testaments!

It seems reasonable to assume that once a day when the family all get together at a mealtime (children included), bread can be broken and the fruit of the vine shared in remembrance of the finished work of the cross.

The husband and father should take his position as the spiritual head of the family. This authority given to the man is His insurance of spiritual protection for the family.

We are often asked if children can partake of the Lord's Table, and if so, at what age. It is an interesting question and I believe we have the answer right here with the Passover meal. The Hebrews were commanded by the Lord to take a lamb for a household. The whole family as a family partook of the Passover lamb – no member old enough to eat of the lamb was excluded, because they knew why they were eating it, in obedience to the Lord. We read in Exodus 12:14, 26 and 27 that the Israelites (Jews) were command-

(Vervolg op Bl. 5)

(Continued from page 4 - The Passover fulfilled.....)
ed to keep that First Passover as a memorial (in remembrance) each year, and observe it as an ordinance down the generations forever.

Ex. 12:14, 26, 27: And this day shall be unto you for a memorial; and ye shall keep it a feast to the Lord throughout your generations, ye shall keep it a feast by an ordinance forever.

And ye shall observe this thing for an ordinance to thee and to thy sons forever.

And it shall come to pass, when your children shall say unto you, What mean ye by this service?

This ye shall say, it is the sacrifice of the Lord's Passover, who passed over the houses of the children of Israel in Egypt when He smote the Egyptians and delivered our houses. And the people bowed the head and worshipped.

Today when orthodox Jews keep the Passover meal, they do exactly that! The family members all sit around the table and there is a set order when serving the meal. The youngest children present are required to ask questions pertaining to the meal and the meaning of each ingredient as it is served. The father then tells the whole story of the Exodus, and what each dish represents in the unfolding of this wonderful event of deliverance from their oppressors, and of slavery. Note that they partake of the meal "in remembrance" of their deliverance, they "proclaim it aloud" and celebrate it with hearts of thanksgiving towards the Lord, Who had made it possible. This is exactly what Jesus said we should do in 1 Cor. 11:24-26, when we remember His death upon the cross, our great deliverance out of slavery to the world and the devil, with thanksgiving, as a memorial, in remembrance, and proclaiming His death until He comes. I believe this is precisely how the families partook of the Lord's Supper in the early church, because they acted upon the instructions of the Lord. The family sat around the table partaking of their meal, the father would break the bread and pray and give glory to the Lord and share it with his wife and children. The children were involved from a very early age and as they asked questions concerning the breaking of bread in thanksgiving of His love in sending Jesus Christ to be crucified for us. The full meaning and implications were explained to them. The cup was then passed around after the father had given thanks for the shed Blood of our Lord Jesus.

The children knew of the covenant with Jesus Christ their saviour and they also knew that the Cup - the Blood of Jesus, made this New Covenant possible. **1 Cor. 11:25: After the same manner also He took the cup when He had supped, saying, This cup is the New Testament in My Blood: this do ye, as often as ye drink it, in remembrance of Me.**

There was no confusion regarding the communion because these children were told these Biblical truths at an early age according to the instructions of the Lord. They knew what His instructions were. When children became were old enough to understand the importance of making a personal commitment to the Lord Jesus and became saved, (received Jesus Christ as personal Saviour), they were then baptised as believers.

This is a far cry from the situation today. Many children today are sent to Sunday school and learn about the doctrines of their denomination, whilst many of their parents never attend church, and have never heard of the necessity of having a personal relationship with Jesus Christ as Lord. The early church parents had a living relationship with their Lord, and knowledge of Jesus Christ, which they acted upon in faith. They carried out the instructions of Jesus in their own homes and were living examples of their faith in Him.

They abided by the instructions given to them by the Lord in His Word, concerning the communion. There were no unbiblical, man-made rituals, such as the christening of babies and confirmation of young adults. Both these "church" requirements are unscriptural. In the Bible, babies were dedicated, and adults were baptised by full immersion in water once they had come to repentance and belief in the Lord Jesus Christ. I was incorrectly taught in the denomination I belonged to, that unless I was "christened" and "confirmed" in that church, I could not partake of communion, nor could I be married or buried in it. All that communion meant to me was that I was now qualified and had become an adult church member with the choice of when I wanted to attend church, and when I didn't want to do so. I was only made aware of the punishment that would come upon me if I took communion in an unworthy manner, and never informed of the benefits of the Lord's table. I believe that this still applies today to the majority of young people from traditional churches where confirmation is practised. I never heard about having to have a relationship with Jesus Christ as my personal Saviour.

When I think back on these things, my heart breaks to think of how it must grieve my Lord. Sad to say, there are still thousands of beautiful sincere people who are walking the same path as I did, but praise His name, there is a solution. Let us go back to the Bible as our only authority, the inspired Word and Blueprint for our lives, and act upon the instructions and commandments of Jesus. ☐



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek kan nie nalaat om van die groot wonderwerk te vertel wat onse liewe Heer weer vir my gedoen het nie. Al die eer aan Hom! 'n Rukkie gelede het ek een oggend na die sentrum geskakel. Jacqueline het geantwoord, ek het haar toe vertel hoe seer ek my rugspiere gemaak het. So erg ek kon nie lê of sit sonder pyn nie. Later die middag het ek begin beter voel, en glo my, deur die liefdevolle Heer het ek die volgende more sonder pyn opgestaan. Prys die Here!! Is Hy nie 'n dierbare, aanbiddelike Vader nie. Baie dankie vir julle gebede. Onse Heer is en bly dieselfde tot nie ewigheid. Sy goedertierenheid duur tot in Ewigheid. Baie, baie dankie!

Violet de Lang, Witbank (15/2/2011)

Ek wil graag getuig oor hoe goed die Here vir my 3 jarige dogter Belinda was. Sy het die 5 Desember laas jaar met warm water gebrand op haar hele linker kant se agter been en die dokters het gesê dit sal maande vat voor haar wonde heeltemal genees sal wees, en sy sal lelike lid tekens los. Die week daar na toe ek in die hospitaal was met die geboorte van my 2de kind, het sy die 15 Desember op gestaan en vir haar ouma gaan sê die Here is goed vir my want hy het my eina gesond gemaak want hy het my lief. Die dokters kan tot nie glo dat haar been so vinnig kon hertel nie. Kyk net hoe wonderlik werk die Here deur om 'n 3 jarige dogtertjie te gebruik om Sy wonderwerk te kan verkondig. Groete

Engela Esterhuizen, Krugersdorp

Ek groet u en die span in die wonderlike naam van Koning Jesus. Baie dankie vir al julle gebede. Prys die Here. Hy is Goed!!! Nathan het die pos by Netcare 911 gekry in Queenstown. Baie dankie vir al julle liefde en gebede. Groete aan almal.

Mev J Du Plooy, Kaapstad

Thank you and the team for you rkind support and prayers during our trying times. I have just been back from the urologist concerning my son, Ashley's kidney and according to the kidney function report of which I am requesting a copy of, he has 80% function on the right kidney and 100% on the left. Last week Thursday the same urologist intimated that the kidney will have to be removed. I personally believe that it was no coincidence that you, Dr James had to phone me last week Tuesday and asked us to come for prayer at the Sunday meeting, which we did, and I believe the Lord has performed a miracle. As for me personally, I have very little pain on my hip and I do believe the process of healing has started. Once again, thank you so mvery much. Kind Regards. Blessings

Johnny Appadu, Chatsworth (10 February 2011)

Groete in Jesus Naam. Ek wil net baie dankie sê vir die gebede wat uitgegaan het vir my niggie, Angelique Simons, sy was sowat 4 jaar gelede gediagnoseer met kanker. Dit dokters het haar in November 2010 ingelig omtrent 'n gewas in haar kop, en die feit dat dit inwendige bloeding veroorsaak het. Sy was op 9 Desember 2010 geopereer en die operasie was 'n groot sukses. Dokters het gespekuleer het dat sy in haar regter kant se oog blind sou wees na die operasie, maar ons God is Almagtig. Sy moes vir 1 week in die hospitaal gebly het, maar was sommer die volgende dag huis toe gestuur. Sy moed ook 4 weke by die huis bly, voordat sy kon gaan werk, maar binne 2 weke het die dokter haar 'n "clean bill of health" voorgeskryf, en sy is terug werk toe. Sy is ten volle herstel. Ps. 139 sê vir ons hoe groot ons God is. Ek gee Hom al die lof en prys, Hy is die wonderwerkende Jesus! Die Here seën u en u familie. Baie dankie vir al u gebede. God se rykste seën.

Mev L Pretorius, Kraaifontein (12/02/2011)

O, die Here is so goed vir my dat ek dit nie in woorde kan uitspreek nie! Ek bid al vir vyftien jaar lank om weer 'n goeie werk te kry en het intussen maar los werkies gedoen en regtig swaar gekry, maar nou het ek sowaar werk gekry – 'n gereelde maandelikse inkomste!!! Ek is so bly en dankbaar! Baie dankie vir al die gebede wat u vir my opgestuur het. Ons Here is wonderlik! Prys Sy Naam! Baie liefde.

Mev R Jansen van Rensburg, Bloemfontein (9/02/2011)

Ek en my man wil vir julle dankie sê dat julle vir ons bid. Ek het gevra julle moet vir ons bid vir bouwerk. Hulle begin werk kry en ons is so dankbaar en weet die Here beantwoord ons gebede. Ons glo en vertrou en weet jy ons weet die Here sla ons nooit verlaat!! Baie, baie dankie.

Willie en Gail, Somerset Wes

uit **Dr James** se kantoor

Geliefde familie in Jesus,

Groete in die wonderlike Naam van die Koning van die konings en die Here van die here – ons kosbare Verlosser, die Here Jesus Christus! Sy Naam is bo ALLE name, en dit is in Sy Naam alleen dat ons gered kan word! Hierdie maand veral, onthou ons met dankbaarheid en danksegging die hoë prys wat Hy vir die mensdom betaal het vir ons Verlossing. Hy was gewillig om Sy lewe af te lê en Sy kosbare Bloed te stort sodat ek en jy en alle sondaars wat berou het en Hom die Here van hul lewe maak, vergewe kan word en die Ewige Lewe kan hê! Wat 'n duur prys is dit nie – en daardie prys wat Hy met Sy eie Bloed betaal het het ons uit Satan se Koninkryk van duisternis gebring na Sy Koninkryk van Lig. Halleluja! Ons is nou Sy dissipels (gelowiges) en dit is dus verstandig dat ons, met groot liefde en dankbaarheid, ons Meester daagliks volg en gehoorsaam. Die eenvoudigste manier om ons Christelike wandel te beskryf is: "Jesus het vir my gesterf en Sy lewe vir my gegee, nou moet ek op my beurt my lewe aflê om Hom te dien – ek moet my vleeslike begeertes kruisig en kies om vir Hom te lewe sodat ANDER deur my lewe en voorbeeld van self offer, kan lewe en Hom leer ken! Die eie ek moet sterf tot Sy roem!" Paulus het hierdie waarheid geken en dit gedoen en daarom kon hy sê: "**Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Gal. 2:20).**

Jesus het die waardevolle en ewige waarheid vir Sy dissipels geleer in **Matt 16: 24-26: Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?** Die wortel van hierdie waarheid lê in die feit dat ons wil vir ons lewe **Sy** wil vir ons lewe moet wees. Jesus het Sy dissipels gewaarsku in **Matt 6:21 : Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.** Ek het eenkeer 'n stelling gelees wat my laat dink het, en ek kwoteer: "Die werklike maat van ons rykdom is hoeveel ons werd sou wees as ons al ons geld verloor ". Dink vir 'n oomblik hieroor. Die Here wil ons "Skat" wees, sodat Hy ons hart kan hê. Hy wil hê dat ons in die Ewigheid moet belê, om Hom eerste, bo enigiets anders in ons lewe, te soek, selfs meer nog as die seëninge wat Hy so ryklik aan ons gegee het. Die Woord van die Here belowe ons dat as ons onsself in Hom verheug, Hy aan ons die begeertes van ons hart sal gee (Ps. 37:4), en Hy hou Sy Woord, maar Hy wil nie hê dat die seëninge wat Hy aan ons gee afgode in ons lewens word nie en Sy nommer een posisie in ons lewe oorneem nie deur al ons aandag, tyd en energie te neem, wat ons aan Hom moes spandeer nie. Die Woord sê vir ons dat Hy 'n jaloerse God is. **(Ex. 34:14) Want die HERE se Naam is Jaloers-'n jaloerse God is Hy.** En selfs 'n "goeie" ding of persoon in ons lewe, as dit 'n gevaar word om die Here se plek in ons lewe in te neem, moet Hy daarmee deel. Jou skat mag jou huis, werk, sport, talent, bediening, plek waar jy aanbid, stokperdjie, troeteldier, motor, moeder, vader, vrou, man of kind wees. Al die dinge is goed en tog by magte om afgode in ons lewens te word sonder dat ons dit besef. Dus hier is dan die toets.

Ons lees die verslag van Abraham aan wie die Here 'n seun beloof het, en 25 jaar het verbygegaan voordat Isak gebore is. Jy kan jou dus die blydskap voorstel wat die kind vir Abraham gebring het, veral na so 'n lang wagtyd voordat die Here se belofte vervul gesien is. Vir sy eie onthalwe egter, het die Here van Abraham verwag om Isak op die altaar te plaas, sodat hy nie eerste in sy lewe sou kom en die Here na tweede plek sou verlaag nie. En ons almal weet dat Abraham aan die Here bewys het dat hy gewillig was om sy enigste seun te offer op die Here se versoek, sodoende bewys hy sy onvoorwaardelike liefde en gehoorsaamheid aan sy Here.

Ons lees 'n soortgelyke voorbeeld waar Moses "die ding" wat die Here as 'n goeie geskenk vir hom gegee het, waardeur hy die Here se doelstellings vir Sy volk sou bereik, moes neerlê. Die Here het Moses beveel om terug na Egipte te gaan en Sy volk te bevry van die tirannie van die Egiptenare. **Toe antwoord Moses en sê: Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die HERE het nie aan jou verskyn nie? Daarop vra die HERE vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: 'n Staf. En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het 'n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug. Toe sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het 'n staf in sy hand geword (Ex. 4 :1-4).** Die staf wat deur Moses gebruik sou word om die Here se magtige wonderwerke van bevryding vir die Hebreërs uit te voer, moes eers deur die Here geheilig word sodat die krag wat daarin belê is, nie **SY** plek in Moses se lewe sou inneem nie.

Ons moet in wese "terug gee", dit wat die Here ons mee geseën het sodat Hy dit tot Sy heerlikheid kan gebruik en ons beskerm teen die gebruik daarvan tot ons heerlikheid! Dit is selfs waar wanneer dit by ons gesinslede kom.

In die vroeë dae van die bediening wat die Here aan ons gegee het, het ek nog medies gepraktiseer en het probeer om beide die groot mediese praktyk en die bediening wat die Here besig was om op te rig te balanseer. Ek was baie besig by die spreekkamer, maar het terselfdertyd regoor die land en verder gevlieg om die Evangelie te verkondig en vir die siekes te bid. Dit het sy tol geeis, nie net van my nie, maar ook van Meg en die kinders. Meg het gedurende die tyd onseker geraak omdat ek die hele dag in die spreekkamer was, noodgevalle gedurende die nag gedoen het en gevlieg het om uitreikings bediening vir uiters siek mense te doen wat die Here se genesing en verlossing uiters nodig gehad het. Sy het haar kommer en vrese in

(Vervolg op Bl. 8)

(vervolg vanaf Bl. 7 - Uit Dr James se kantoor..)

gebed na die Here geneem en die Here het hierdie woorde duidelik vir haar gesê: "Gee jou man vir My want Ek het hom geroep en hy is nie joune nie, hy is Myne!" Meg het dit as 'n Woord van die Here aanvaar en besef dat "sy haar Isak op die altaar moes plaas" en die Here vertrou om Sy plan in die situasie uit te werk. Dit was nie lank hierna dat ek my mediese praktyk, met sy finansiële sekuriteit, kon opgee en voltyds in die bediening kon gaan. Meg se Moeder, 'n weduwee, wat by ons gebly het kon na die huishouding omsien, wat ons in staat gestel het dat beide ek en Meg saam kon reis en bedien! Die Here is getrou en Sy planne is volmaak as ons bereid is om ons "Isak" aan die Here te gee!

Selfs wanneer die Here jou met jou lewensmaat geseën het, moet jy daardie persoon op die altaar plaas. Jy het geen idee hoe baie mense 'n afgod van hul man of vrou gemaak het en dan hul verering regverdig in die naam van "liefde" . Afgodediens is soos rebellie, koppigheid en towery, die Bybel sê so.

Hierdie maat word eintlik onwetend gemanipuleer deur hul vrou of man in die naam van liefde en besorgdheid. Ons moet hiervan bewus wees en die Here vra om ons te wys of ons in afgodsdiens met ons "geliefdes" werk – soos dieselfde waarheid van toepassing is op ons kinders – in die naam van "beskerming" en "liefde" . Baie ouers, deur oorbeskerming gemotiveer deur vrees, saam met die aanhoudende behoefte om hul lewens deur hul kinders te leef, het afgode van hulle gemaak en deur dit te doen, hulle bo die Here verhef. Sodoende word hulle kinders hul "skat" waar hulle hart is en met hul goeie bedoelings blokkeer hulle in werklikheid die Here se beste vir hul kind se lewe. Ons moet elke kind op die altaar van die Here sit, elkeen terug gee aan die Here sodat Hy hul lewens kan bestuur. Onthou dat Hy elke kind liewer het as wat jy hulle het. Hy het hulle geskape en het asem in hulle geblaas en is meer bekwaam om vir hulle te sorg en te voorsien in al hulle behoeftes as wat jy kan. Ons het natuurlik 'n verantwoordelikheid teenoor Hom om na hulle om te sien, vir hulle te voorsien, hulle lief te hê en hulle Sy weë te leer, maar nie om hulle deur afgodediens te manipuleer nie.In my bediening moes ek al 'n paar keer TERUGGEE aan die Here, wat Hy aan my gegee het, en ek deel graag so 'n keer met jou. Dit gaan om ons nuusbrief "Geloof in die Woord." Die Here het my in 1979 geroep en die gawes van genesing gegee, alhoewel ek goed geweet het dat Hy die Groot Geneesheer is. Nadat ons bediening so sewe jaar op dreef was, het ons 'n reuse adreslys vir die nuusbrief opgebou – goed 45,000 name en adresse. Hierdie gratis nuusbrief is ons kontak met ons lesers en hulle is dan ook die mense wat dit vir ons moontlik maak om die Evangelie te verkondig. Op daardie stadium was dit of daar ietwat van 'n insinking in ons finansies was, en toe hoor ek die Here se Stem: "Skraap jou huidige adreslys vir die nuusbrief." Vir my was dit 'n skok, en my eerste reaksie was: "Maar Here, dis eintlik ons lewensaar – hoe dan nou gemaak?" Nadat ek etlike weke gewik-en-geweeg het, het ek tog besluit dat "my " bediening se heil in Sy Hand lê, en as dit dan nou die einde van ons nuusbrief en die bediening was, dan aanvaar ek die Here se besluit, ek sou Isak offer. Ons het toe die adreslys geskraap en vir ons lesers gevra om hulle nuusbriefkoeverte terug te pos indien hulle dit nog wil ontvang, want geld word gemors om nuusbriewe te stuur aan talle mense wat dit dalk reguit snippermandjie toe stuur en nooit eers lees nie. Wel, die resultate was oorweldigend! Ons was nie net ver bo verwagting letterlik TOEGEGOOI met koeverte nie, maar skielik was daar ook baie meer ondersteuning as voorheen. Ons het met VERWONDERING teruggestaan en die Here geprys. Ons was dankbaar dat Hy ons die genade gegee het om Isak te offer toe Hy ons daartoe beveel het, want toe kon Hy die seëninge ryklik vermenigvuldig. Halleluja! En dit is vandag steeds waar! Ek sê altyd dat een van die grootste wonderwerke wat ons by die Sentrum ervaar het, Sy voorsiening was oor die afgelope 32 jaar, waarvoor Hy ons geroep het om tot Sy eer te doen. Ons kan aanhou om 'n gratis maandelikse nuusbrief, posgeld ingeslote, maandeliks uit te stuur aan "die wat ook al wil" en te verkondig deur die literatuur, die wonderlike nuus dat Jesus red, genees en voorsien. Hy bly getrou. Hy soek altyd na 'n gewillige man of vrou om op Sy roep te reageer. Mense soos jy in Sy hand, maak dit alles moontlik vir Sy Woord om uit te gaan, bring die eindtyd oes van verlore siele in, en ons loof Hom elke dag en dank julle oorvloedg vir jul gehoorsaamheid aan Hom en vir julle getroue ondersteuning waarvoor Hy julle sal beloon. Omdat julle vir ons kosbaar is, plaas ek elkeen van julle, wat die Here aan ons toevertrou het, op Sy altaar en vra Hom om jou en jou gesin te seën, jou te beskerm en te laat bloei in al jou weë en aan jou Sy vrede en Sy vreugde te gee ongeag die chaotiese gebeure wat ons om ons in die wêreld in hierdie eind dae sien gebeur. Ons hoef nie te vrees nie omdat Jesus vir ons gesê het MOENIE VREES NIE, want Hy is ons skuilplek en ons krag en ons hulp in moeilike tye. Hy het ons gewaarsku oor die dinge wat voor Sy wederkoms sou plaasvind en ons lees Sy woorde in Luk. **21:25-28: En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.**

Baie Liefdegroete *Dr James*

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.